INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2023 

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 AANLYN ARTIKEL

***Koop! Koop! Koop! Dís die sielkunde daaragter.***

1.1 Herhaling/uitroeptekens/skuinsdruk/vetdruk/groter lettertipe.

1.2 "impulsief"

1.3 *Eie mening:*
Hulle is die mense wat die produk probeer verkoop/aan jou probeer afsmeer/druk plaas op/manipuleer die koper.

1.4 Sielkundige gevoelens en sosiale invloede.

1.5 Handelaars/winkels laat jou dink dat daar nie baie van die produk oor is nie/die artikels is goedkoper. Mense is bang hulle mis uit.

1.6 Paniekaankope/histerie.

1.7 95%

1.8 1.8.1 Onwaar

1.8.2 gevaarlik

1.9 *Eie mening:*
'n Mens besef nie altyd presies hoeveel geld jy uitgee as jy met 'n kredietkaart betaal nie.

1.10 'n Mens ervaar nie letterlik die pyn nie.

1.11 Soggens/in die oggend/vroeg in die dag.

1.12 *Eie mening:*
Ja/nee (moet deel van die antwoord wees). Geldige rede waarom dit goed of sleg is vir jou.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP

2.1 Die strepe/strepies/lyntjies op sy gesig/hy sit met gevoude arms/sy oë is op skrefies getrek/hy frons/sy mond trek af.

2.2 Die meisie hou nie daarvan dat die ander meisie die juffrou se guns probeer wen op hierdie manier nie. Enige goeie interpretasie moet aanvaar word.

2.3 Bly/gelukkig/opgewonde.

2.4 Kennis/omkoopgeld (aanvaar enige gepaste interpretasie)

2.5 *Enige twee:*
- lessenaar
- tafels
- stoele
- skerpmaker
- skooltasse
- plakkate
- skryfbord
- swartbord

2.6 … *om te koop*.

2.7 "dag een"/"welkom klas"

2.8 *Eie mening:*
Moet in eie woorde wees: Omkopery/om vir mense iets te gee in ruil vir iets anders het algemeen in die samelewing geword/omkopery begin op 'n jong ouderdom.

## VRAAG 3 ADVERTENSIE

3.1 Seresto

3.2 "Jou veearts se keuse"

3.3 Mpho

3.4 geld/kontant/R32 000

3.5 *Takealot*

3.6 Troeteldiereienaars

3.7 Briljant

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4

**Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:**

- Hoofpunte moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee feite. Dus tel elke sin/punt 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Indien al vyf hoofpunte korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Sinne/hoofpunte mag nie direk uit die teks aangehaal word nie, maar die kandidaat mag woorde/frases uit die teks gebruik.
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die hoofgedagte en feite korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie, tensy dit die betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.
- Minus 1 as die kandidaat nie die woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- 'n/die (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.
- Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- *Beplanning MOET doodgetrek word. (Geen penalisering nie.)*

**Voorbeeldsinne**

1. Jy moet eers luister sodat die persoon sy/haar emosies kan verwerk.
   (12 woorde)

2. Jy moet wys dat jy saamstem met die persoon sodat hy/sy sin kan maak uit sy/haar emosies.
   (18 woorde)

3. Jy moet op jou liggaamstaal fokus omdat dit die persoon veilig sal laat voel.
   (14 woorde)

4. Jy moet daar wees vir die persoon sodat hy/sy weet jy gee om.
   (14 woorde)

5. Jy moet aanbied om te help, want dan sal jou vriend(in) weet jy wil help.
   (15 woorde)

   ***(73 woorde)***

IEB Copyright © 2023

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

***Aandeelhouer***

5.1 5.1.1 'n Aandeelhouer belê sy geld/iemand wat geld belê/wat aandele besit/wat op die effektebeurs werk.

5.1.2 Enige een: meisies, sport, gim of krieket.

5.2 "Meneer"

5.3 Hy gee nie om nie.

5.4 Koeplet

5.5 Inflasie

5.6 Hy bêre sy geld in die beursie.

5.7 Informeel

5.8 Enige twee: meisies/gimnasium/sport/krieket

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

***Strelitzia***

6.1 Dit vestig die aandag op dit wat volg.

6.2 Die woord mevrou is formeel/die ma is meer formeel/die ma voel sy is belangrik/sy is statusbewus.

6.3 "stiptelik"

6.4 "gladde naels"

6.5 "luukse"

6.6 6.6.1 Onwaar

6.6.2 "te laat"/"so besig". Mag ook in eie woorde verduidelik.

6.7 Dit verskaf meer inligting oor die gebeure.

6.8 Alleenplasing

6.9 Sy skenk nie genoeg aandag aan hom nie/sy skeep hom af.

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

***Die nuwe kind***

7.1 Daar volg 'n verduideliking of beskrywing van waarna die kinders kyk.

7.2 "skooldrag"/"klas"/"meneer"

7.3 Kwatryn

7.4 "koningskind"

7.5 "gaan staan"/"eenkant alleen"

7.6 "eenkant, alleen"

7.7 Kunsklas

7.8 7.8.1 Waar

7.8.2 "gaan staan jy dan en droom"/"vaar jy weg oor wit papier"

7.9 'n Metafoor

IEB Copyright © 2023

## AFDELING D TAALVAARDIGHEDE

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Terwyl hulle vriend die yskas plunder, hou die vrou haar man vas./Terwyl die vrou haar man vashou, plunder hulle vriend die yskas.

8.2 Nóg die man nóg die vrou hou op die oomblik van hulle beste vriend.

8.3 Die man vra vir Piet hoekom hy al die kos in die yskas eet.

8.4 Die kos is gister deur Piet uit die yskas gehaal.

8.5 Die man wat voor die yskas staan, haal die kos uit. Die man wat die kos uithaal, staan voor die yskas.

8.6 Nadat Piet die pizza in die mikrogolfoond warm gemaak het, eet hy die pizza op./Nadat Piet die pizza in die mikrogolfoond warm gemaak het, het hy die pizza opgeëet.

8.7 Die vrou sluit die yskas om later te (kan) kook

8.8 Nee, die egpaar het nie meer kos in die yskas oor nie.

8.9 Die vrou behoort kruideniersware te gaan koop.

8.10 Eergister het die man op sy vriend geskree, toe het hy weggeloop om te gaan slaap. (Geen halfpunte nie.)

8.11 Die man eet die kos in die eetkamer.

8.12 Twee jaar gelede het Piet minder probeer eet om gewig te verloor.

8.13 Die vrou sê: "Ek is moeg vir my man wat die kos opeet."

8.14 Oor twee dae sal die egpaar die kombuis skoonmaak wanneer hulle gas huis toe (sal) gaan.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 kospryse

9.2 opgerolde

9.3 sakkies

9.4 bril

9.5 smaaklikste

9.6 opgewonde

9.7 hondekos

9.8 stadig

9.9 in

9.10 onmiddellik

9.11 doodstil/tjoepstil

9.12 ten spyte van

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

10.1 Ag nee. Ek sou baie eerder by die see wou vakansie hou om by my vriende te wees. (18 woorde)

10.2 Nee wat, broer, jy is net ondankbaar. Kyk net om jou hoe mooi die Bosveld is. (15 woorde)

10.3 Ek is bly dat ek vanoggend twee leeuwelpies en 'n renosterkalfie kon sien. (14 woorde)

10.4 Julle gaan so bly wees! Ek het vir julle sop en heerlike wildsvleis voorberei! (14 woorde)

10.5 Ek is jammer dat ek so ondankbaar was. Ek sal nou die natuur begin waardeer. (15 woorde)

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023